Voorlopige verslag

Opsomming van die geouditeerde resultate van die Media24-groep
vir die jaar geëindig 31 Maart 2014

MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 2006/021408/07)
("Media24")

'n Volledige afskrif van die finansiële jaarstate is beskikbaar op die Media24-webwerf.





OORSIG
Soos tradisionele mediamaatskappye regoor die wêreld, word Media24 steeds deur strawwe ekonomiese toestande en grootskaalse strukturele veranderings in die bedryf geraak. Ondanks hierdie uitdagings het omset met 5% tot R8,2mjd gestyg, terwyl handelswins van R519m 5% laer was as die vorige jaar. Groter doeltreffendheid en kostebesparings in ons tradisionele mediawerksaamhede bly deurslaggewend. Ons het beleggings in verwante nuwe groeigebiede aansienlik verhoog om ons omsetbasis te diversifiseer en die langtermyn-volhoubaarheid van ons besigheid te verseker.

BEDRYFSOORSIG
Ons drukkery-onderneming, Paarl Media, het goeie vordering gemaak om produktiwiteit en bedryfsdoeltreffendheid te verhoog. Ons het ook ons voetspoor uitgebrei deur na nuwe markte te diversifiseer en nuwe kontrakte vir drukwerk op die Afrika-vasteland te verkry.

Advertensie- en sirkulasie-inkomste in ons nuus-afdeling was onder druk. Die groei in intekenare teenoor die vorige jaar is bemoedigend. Sirkulasie het die afgelope paar maande gestabiliseer en ons plaaslike koerante en digitale voetspoor is uitgebrei. Goeie vordering is gemaak om die nuusbesigheid in 'n 24-uurnuusdiens op beide drukmedia- en digitale platforms te omskep. Video-ateljees is in Johannesburg en Kaapstad op die been gebring. Media24 Nuus is nou die tweede grootste digitale nuusuitgewer in Suid-Afrika, met belowende groei in digitale intekenare op die nuusplatforms van ons groot Afrikaanse dagblaaie – *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*.

Die tydskrifte-afdeling het 'n uitstekende jaar gehad. Verskeie inisiatiewe is geloods om dalende advertensie- en sirkulasie-inkomste teen te werk. Ons het steeds die grootste markaandeel ten opsigte van sirkulasie- en advertensie-inkomste onder die top vyf uitgewers in die land. Verkope van digitale uitgawes het jaar tot jaar met meer as 120% gestyg en die afdeling het sterk groei in sy digitale voetspoor op die web, tablet- en mobiele platforms aangeteken.

Ons boekuitgewers het goed gevaar. Die opvoedkundige uitgewer, *Via Afrika Publishers,* het baat gevind by die finale inwerkingstelling van die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum en is die derde agtereenvolgende jaar as Sefika se Opvoedkundige Uitgewer van die Jaar aangewys. *Jonathan Ball Publishers* het hom weer as markleier in sy segment gevestig en *NB-Uitgewers* het 33 literêre pryse ingepalm.

Te midde van dalende koerant- en tydskrifvolumes het ons verspreidingsbesigheid, On the Dot, daarop gefokus om sy netwerk te verbeter en sodoende verspreidingskoste verder te verminder. Ons het ook ons pakhuis- en aanlynvervullingsbesigheid uitgebrei.

24.com, die voorste digitale uitgewer in Afrika, het gemiddelde daaglikse bladlese oor sy netwerk met 15% verhoog, en gemiddelde daaglikse bladbesoeke met 16% jaar tot jaar. Mobiele gehore het sterk gegroei en 24.com bereik nou 350 000 daaglikse aktiewe gebruikers deur sy tablet- en mobiele media-apps. *News24* en *Careers24* het hul werksaamhede in Nigerië uitgebrei.

McGregor BFA, ons finansiële datadienste-besigheid, het in November 2013 I-Net Bridge verkry. Die gekombineerde entiteit – handelsnaam *INET BFA* – is goed geposisioneer om die voorste verskaffer van Afrika-data aan beleggers en ondernemings in Suid-Afrika en regoor die wêreld te word.

Ons e-modebesigheid *Spree* het hom as 'n voorloper in Suid-Afrikaanse aanlynmodewinkels gevestig sedert dit in April 2013 bekend gestel is. Benewens vrouemodes is verskeie nuwe kategorieë, waaronder huisdekor en 'n kinderafdeling, geloods.

DIREKTORAAT
Op 1 Januarie 2014 is mev Jo-Ann Held as 'n onafhanklike, nie-uitvoerende direkteur van Media24 en Media24 Eiendoms Beperk aangestel. Mnr Manie Mayman is as die Media24-direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie op dieselfde datum aangestel. Die verkorte *curricula vitae* van alle direkteure verskyn op Media24 se webwerf. Mnr Koos Bekker het op 31 Maart 2014 uit die Media24-direksie getree.

FINANSIËLE OORSIG
Die groep se gekonsolideerde omset het met 5% tot R8,2mjd gestyg vir die jaar. Bydraes tot omsetgroei was afkomstig van boekuitgewery (+10%), drukwerk (+6%), en intekenare-omsetgroei (+25%) wat hoofsaaklik deur die verkryging van I-Net Bridge behaal is, terwyl kontrakuitgewery voordeel getrek het uit die effek van die volle konsolidasie van New Media Publishing. Die groep se fokus op hoër omset uit nie-drukverwante bedrywighede het 'n hupstoot gekry met die wesenlike groei in e-handelbedrywighede. Advertensie-inkomste het met 3% gedaal, hoofsaaklik weens die verskuiwing van nasionale advertensies weg van drukmedia, terwyl sirkulasie-inkomste met 2% afgeneem het.

Gekonsolideerde handelswins het met 5% tot R519m gedaal. Die tydskrifte-afdeling het 'n skitterende handelswins behaal, danksy die hupstoot wat verkry is met die volle konsolidasie van New Media Publishing. Ondanks kostebesnoeiings is die nuus-afdeling se handelswins geknou weens die skerp daling in advertensie-inkomste. Die drukkery-afdeling het steeds goeie handelswins getoon en voortgebou op inisiatiewe om hul omset buite Suid-Afrika uit te brei. Die groep gaan voort met beduidende beleggings in digitale platforms, finansiële data en e-handel om bedrywighede te diversifiseer, wat gevolglik oor die kort tot medium termyn 'n impak op handelswins het. Dit inaggenome, het handelswins op ons tradisionele drukmedia-bedrywighede jaar op jaar met 2% gegroei.

Die groep se vrye kontantvloei is R351m laer as die vorige finansiële jaar, wat grootliks toe te skryf is aan die laer kontant voortgebring deur bedrywighede en kapitaalbesteding wat R109m hoër is as die vorige jaar.

DIVIDEND
Die direksie beveel aan dat 'n dividend van R144,8m verklaar en aan aandeelhouers betaal word. Dit is onderhewig aan goedkeuring deur die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 1 September 2014.

WELKOM YIZANI
Welkom Yizani, Media24 se breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingskema wat in 2006 bekend gestel is, het op 9 Desember 2013 begin verhandel. Dit het die skema se geslote tydperk van sewe jaar beëindig en stel bestaande swart aandeelhouers in staat om hul aandele te verhandel. Dit stel ook die skema oop vir nuwe kwalifiserende aandeelhouers. Op 31 Maart 2014 is altesaam 6 627 transaksies, bestaande uit 1 094 285 aandele ter waarde van R11 562 041, deur die verhandelingsplatform afgehandel.

Die Welkom Yizani algemene jaarvergadering word op 1 September 2014 gehou. Die Welkom Yizani-direksie stel voor dat 'n dividend van R4,3m (2013: R4,2m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit beteken 'n dividend van 29,4 sent per gewone aandeel, voor dividendbelasting. Ingevolge die voorkeuraandeelooreenkoms word 'n dividend van 46,6 sent per voorkeuraandeel, voor dividendbelasting, voorgestel. Na belasting sal Welkom Yizani gewone aandeelhouers 'n netto dividend van 25 sent per gewone aandeel (2013: 24,4 sent per gewone aandeel) ontvang. Die verklaring van die dividende is onderworpe aan goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 1 September 2014.

AANBIEDINGSGRONDSLAG
Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is opgestel uit die volledige stel geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2014. Laasgenoemde is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde *(IFRS)* en die Internasionale Finansiële Verslagdoenings- en Interpretasiekomitee *(IFRIC)* se interpretasies wat uitgereik en van krag was of uitgereik en vroeg aanvaar is, en op die wyse wat deur die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 71 van 2008 vereis word. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state moet saamgelees word met die volledige stel geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate. Die rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas op al die jare wat weergegee word, tensy anders vermeld.

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslae gebruik word nie.

Die finansiële resultate is opgestel onder toesig van Manie Mayman, finansiële hoof van die Media24-groep.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR
Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is geoudit deur PricewaterhouseCoopers Geïnk., geregistreerde ouditeur. Hul ongekwalifiseerde ouditmening is op aanvraag gedurende gewone kantoorure by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar (kontakpersoon: Manie Mayman). Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aan-kondiging is nie deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. nagegaan nie en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie.

Namens die direksie

Rachel Jafta
Voorsitter

Esmaré Weideman
Uitvoerende hoof

Kaapstad
23 Junie 2014

Direkteure
R C C Jafta (voorsitter), E Weideman, G M Landman, S S de Swardt, H R Botman, D Meyer, L N Jonker, N P van Heerden, H S S Willemse, J C Held, S J Z Pacak, A Mayman

Groepmaatskappysekretaris
L J Klink

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk
Corlettrylaan 71, Birnam 2196
(Posbus 1266, Bramley 2018)

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTATE

	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geouditeer R'm	2013 Geouditeer R'm
Omset	**8 171**	7 790
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(5 488)**	(5 217)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	**(2 175)**	(2 054)
Ander winste/(verliese)	**85**	(10)
Bedryfswins	**593**	509
Rente ontvang	**16**	18
Rente betaal	**(81)**	(136)
Ander finansieringskoste – netto	**(25)**	(22)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van geassosieerde maatskappye	**(2)**	–
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van gesamentlike ondernemings	**28**	48
Winste/(Verliese) met verkrygings en verkope	**78**	(27)
Wins voor belasting	**607**	390
Belasting	**(241)**	(177)
Wins vir die tydperk	**366**	213
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**288**	183
Nie-beherende belang	**78**	30
	366	213
Kernwesensverdienste vir die jaar	**142**	259
Wesensverdienste vir die jaar	**255**	255

REKONSILIASIE VAN BEDRYFSWINS MET HANDELSWINS

	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geouditeer R'm	2013 Geouditeer R'm
Bedryfswins	**593**	509
Amortisasie van ontasbare bates	**11**	27
Ander (winste)/verliese	**(85)**	10
Handelswins	**519**	546

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STATE VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geouditeer R'm	2013 Geouditeer R'm
Saldo aan die begin van die tydperk	**2 123**	988
Wins vir die tydperk	**288**	183
Totale ander omvattende inkomste, na belasting, vir die tydperk	**4**	–
Kontantvloeiskanse	**–**	(5)
Beweging in ander reserwes	**4**	4
Belasting op ander omvattende inkomste	**–**	1
Veranderings in ander reserwes	**(135)**	939
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**2**	2
Beweging in ander reserwes	**5**	(2)
Dividende betaal aan aandeelhouers	**(142)**	(138)
Kapitaalbydrae	**–**	1 077
Veranderings in nie-beherende belang	**55**	13
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**78**	30
Dividende betaal aan nie-beherende belanghebbendes	**(23)**	(16)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**–**	(1)
Saldo aan einde van tydperk	**2 335**	2 123
Bestaande uit:		
Aandelekapitaal en -premie	**4 867**	4 867
Teruggehoue verdienste	**88**	(44)
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**63**	60
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(4 048)**	(4 067)
Kapitaalbydrae	**1 077**	1 077
Verskansingsreserwe	**(1)**	(1)
Aktuariële hermetingsreserwe	**1**	–
Valuta-omrekeningsreserwe	**18**	16
Nie-beherende belang	**270**	215
Totaal	**2 335**	2 123

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STATE VAN FINANSIËLE POSISIE

	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geouditeer R'm	2013 Geouditeer R'm
BATES		
Nie-bedryfsbates	**3 378**	3 051
Bedryfsbates	**2 494**	2 502
Totale bates	**5 872**	5 553
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes	**2 335**	2 123
Nie-bedryfslaste	**591**	1 047
Bedryfslaste	**2 946**	2 383
Totale ekwiteit en laste	**5 872**	5 533

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STATE VAN KONTANTVLOEI

	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geouditeer R'm	2013 Geouditeer R'm
Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**436**	658
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(558)**	(317)
Kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite	**(171)**	(359)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**(292)**	(18)
Valuta-omrekeningseffek	**1**	1
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk	**(144)**	(127)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	**(435)**	(144)

BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geouditeer R'm	2013 Geouditeer R'm
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**288**	183
Aangesuiwer vir:		
– Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	**41**	29
– Verlies met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates	**15**	6
– (Wins)/verlies met verkoop van beleggings	**(82)**	33
– Wesensverdienste-aansuiwerings van gesamentlike ondernemings	**–**	7
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**(5)**	(2)
Totale aansuiwering vir nie-beherende belang	**(2)**	(1)
Wesensverdienste	**255**	255
Aangesuiwer vir:		
– Besigheidsamevoeging-verwante koste	**4**	6
– Amortisasie van ontasbare bates	**10**	20
– Valutaverliese	**14**	25
– Billikewaarde-aansuiwering op verkoopaanspreeklikheid	**(142)**	(37)
– Kernverdienste-aansuiwerings van gesamentlike ondernemings	**1**	(10)
Kernwesensverdienste	**142**	259